

PERSVERKLARING - WET OP BELASTINGADMINISTRASIE

12 November 2019

1. Ek is bewus daarvan dat SARS se aansoek tot die hof aangaande 'n dagvaardiging deur die Openbare Beskermer, wat my noodsaak om belastingpligtige-inligting uit te gee, heelwat bespiegeling in die media en sosiale media geskep het. Gesonde debat is die basis vir goeie demokrasie en die kwaliteit van die debat neem toe wanneer dit uit feite spruit.
2. SARS se aansoek tot die hof handel nie oor 'n bepaalde belastingpligtige nie, maar SARS het egter tot die hof gewend om 'n belangrike beginsel, wat 'n demokratiese beginsel onderstreep wat gevestig is op die verhouding van vertroue tussen SARS en alle belastingpligtiges, te bepaal en duidelik te maak. Dit is 'n belastingpligtige se reg tot privaatheid, met betrekking tot die reg op vertroulikheid van alle inligting - persoonlik en finansiële - deur die belastingadministrasie geberg. Elke liewe belastingpligtige in Suid-Afrika het daarom 'n direkte gevestigde belang in hierdie aangeleentheid waarvoor ons duidelikheid versoek, en niemand kan bekostig om ongeërg hieroor te wees nie.
3. Jy kan met reg vra hoekom enige organisasie, of selfs 'n individu, nie helderheid sal verwelkom oor 'n aangeleentheid wat duidelik soveel openbare belang dra en so 'n geweldige impak het nie.
4. Die grondwetlike beginsel van openbare toegang tot inligting deur die staat geberg, moet gebalanseerd wees teenoor ander grondwetlike beginsels soos privaatheid, en ander faktore soos die oorvleuelende risiko van skade aan 'n wettige openbare of private belang. Die belang aan 'n belastingpligtige se reg tot privaatheid, wat betrekking het op die reg tot vertroulikheid van persoonlike inligting deur die belastingadministrasie geberg, word oor die algemeen van groter belang geag as die reg tot inligting en regverdig dus vertroulikheidsreëls wat privaatheid beskerm. Artikel 35 van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000, verskaf dus verpligte beskerming van bepaalde SARS-rekords van derde party-versoeke.
5. Blootlegging van belasting-inligting het nagevolge vir die kernbedryf van enige belastingadministrasie - die instelling en afdwing van belastingwetgewing en -regulasie. Die invordering van belasting is duidelik lewensbelangrik vir enige staat wat deur belasting gefinansier word en 'n belastingadministrasie se primêre verantwoordelikheid is om behoorlike bedrag in te samel wat aan die regering verskuldig is teen die minste moontlike koste aan die publiek. Die bereidwilligheid van belastingpligtiges om die wet na te kom, is grootliks afhanklik van die vertroue wat burgers en besighede in die betrokke belastingadministrasie het en in hulle vertroue dat hulle persoonlike inligting nie algemeen blootgelê sal word nie. Belastingpligtiges behoort gerus gestel te wees dat die belastingowerheid wat die belastingwette administreer, dit konsekwent en regverdig doen sodat belastingpligtiges in soortgelyke situasies gelykwaardig en konsekwent ingevolge die wet hanteer word. In die balansering van openbare belange, wat soms kompetender is, was wetgewers duidelik voorgenome dat belastingpligtige-vertroulikheid 'n oorheersende belang is, tensy anders gestel in die wet.

6. Die kommissaris van SARS en alle belastingbeamptes is wetlik verplig om die vertroulikheid van belastingpligtiges se inligting te handhaaf, tensy onder bepaalde wetlike omstandighede. Die bepaalde wetlike omstandighede is nie van toepassing op die Openbare Beskermer nie.

7. Die vertroulikheidsbepalings

7.1 Ingevolge die Wet op Belastingadministrasie, 2011, (TAA) is "belastingpligtige-inligting" onderhewig aan die vertroulikheidsbepalings soos uiteengesit in hoofstuk 6 (artikels 67 tot 74) van die TAA.

7.2 Die algemene reël is dat alle SARS-beamptes die geheimhouding van "belastingpligtige-inligting" moet beskerm. Artikel 69(1) van die TAA voorsien dat:

'n Persoon wat 'n huidige of voormalige SARS-beampte is, moet die geheimhouding van belastingpligtige-inligting in stand hou en aan geen persoon, wat nie 'n SARS-beampte is, belastingpligtige-inligting bekend maak nie.

7.3 Daar is egter bepaalde voorsienings wat toelaat dat "belastingpligtige-inligting" bekend gemaak word aan 'n persoon wat nie 'n SARS-beampte is nie. Sodanige omstandighede kan in vyf kategorieë gekategoriseer word:

- 'n SARS-beampte kan belastingpligtige-inligting blootlê om 'n belastingwet te administreer.
- Ingevolge 'n hofbevel.
- Indien 'n belastingpligtige skriftelike toestemming gee.
- Indien 'n ander wet uitdruklik die TAA se vertroulikheidsbepalings oorvleuel - ingevolge artikel 69(2)(b) van die TAA.
- Aan bepaalde persone en entiteite soos geïdentifiseer in die TAA - ingevolge artikel 70 van die TAA.

7.4 Die volgende wette bevat bepalinge wat uitdruklik die belastingvertroulikheidsbepalings ter syde stel:

- Artikel 9 van die Wet op Dwelmmiddels en Dwelmsmokkelary, 1992
- Artikel 37 van die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum, 2001; en
- Artikel 71 van die Wet op Voorkoming van Georganiseerde Misdaad, 1998.

Die Wet op Openbare Beskermer, 1994, bevat nie 'n voorsiening wat die TAA se vertroulikheidsvoorsienings ter syde stel nie.

7.5 Artikel 70 lys bepaalde entiteite wat SARS inligting mag aan verskaf, maar subartikel 70(5) voorsien dat sodanige blootlegging slegs gemaak mag word ten einde dit nodig is, toepaslik en in verhouding tot die uitoefen van 'n wetlik plig of funksie. Verdere blootlegging van belastingpligtige-inligting deur entiteite aan wie SARS blootlê ingevolge die voorsiening, word streng geregleer.

Die Openbare Beskermer is nie 'n persoon gelys in artikel 70 van die TAA nie.

7.6 Selfs in die geval van die partye deur die wet toegelaat, moet SARS nadink oor die doel waarvoor die inligting versoek word, hoe dit gebruik sal word en hoe dit beskerm sal word.

7.7 Die kern van hierdie opsomming oor die TAA, is dat die TAA SARS nie toelaat om "belastingpligtige-inligting" aan die Openbare Beskermer te verskaf nie.

7.8 Die oortreding van die TAA se vertroulikheidsbepalings is 'n kriminele oortreding ingevolge artikel 236 van die TAA.

7.9 Gelykwaardig aan 'n persoon wat, sonder regmatige rede weier of versuim om 'n versoek vir inligting deur die Openbare Beskermer na te kom, is skuldig aan 'n kriminele oortreding ingevolge artikel 11(3) van die Wet op Openbare Beskermer, 1994.

8. In 'n poging om litigasie te vermy, het beamptes van SARS en die Openbare Beskermer se kantoor in 2018/19 die regsadviseur gesamentlik ingelig. Die advies wat aan SARS en die Openbare Beskermer verskaf is, tot my wete, bevestig duidelik dat SARS nie verplig kan word om belastingpligtige-inligting aan die Openbare Beskermer te verskaf nie. Ek het vroeër vanjaar duidelik my ondersteuning vir die kantoor van die Openbare Beskermer uitgespreek. In menige gevalle, het ek en my personeel ook ywerig gewerk om inligting te kry op versoek van haar kantoor, en ek sal aanhou om dit te doen. Ek het ook die hoop uitgespreek dat ons 'n kommunikasielyn sal oophou, waar ons kwessies van potensiële meningsverskil openlik, eerlik en reguit kan bespreek.

9. Die dagvaardiging aan my uitgereik het my onkant gevang, omdat ek geglo het dat die uitgespreekte welwillendheid met gelyke munt betaal sou wees in die belang van goeie staatsbestuur en die grondwetlike pligte tussen staatsinstellings om met mekaar saam te werk, mekaar te ondersteun en mekaar se funksies en regspligte te respekteer.

10. Om hierdie aangeleentheid vir geregtelike bepaling te neem is beslis nie my eerste keuse nie. Dit sou verkieslik wees vir SARS en die Openbare Beskermer om hierdie kwessie buite die hof te kon oplos. Daar is 'n egter 'n grondslaggewende kwessie van vertroulikheid van belastinginligting op die spel wat ek verplig is om te handhaaf ter voordeel van alle belastingpligtiges. Die beginsels is nie beperk tot die belastingpligtiges in die hofdokumente genoem nie. Die beginsels affekteer elke belastingpligtige en die doeltreffende funksionering van SARS. Indien enige van die belastingpligtiges op enige stadium instem tot die vrystelling van hulle inligting, sal SARS sodanige toestemming respekteer. Gelykwaardig daaraan, indien 'n hof beveel dat SARS vereis is om belastingpligtige-inligting vry te stel, sal ek dadelik daarop ag slaan.

11. Ek ag duidelikheid oor hierdie aangeleentheid as sonderling belangrik vir demokrasie in Suid-Afrika en as 'n verdere bousteen in die vervulling van my toegewydheid tot die herbou van openbare vertroue in SARS. Dit is in hierdie gees dat SARS se aansoek tot die hof gemaak is.

12. Ons is tevrede met die uitkoms van die hof se beslissing vandag wat hoofsaaklik vasstel dat partye gesamentlik die hof sal betrek oor die beduidende aangeleentheid terwyl elkeen hul wetlik regte behou.